NG Kerk
Vrystaat

*Erediens*

# Geloofsbelydenis

*ahv Jesaja 53*

**AHV JESAJA 53**

Die Here was soos 'n loot,
soos 'n plant wat wortel skiet
in droë grond.
Hy het nie skoonheid of prag gehad
dat ons na hom sou kyk nie,
nie die voorkoms dat ons
van hom sou hou nie.
Hy was verag en deur die mense
verstoot,
'n man van lyding wat pyn geken
het,
iemand vir wie die mense
die gesig wegdraai.
Hy was verag,
ons het hom nie gereken nie.
Tog het hy óns lyding op hom
geneem,
óns siektes het hy gedra.

Oor ons oortredings is hy deurboor,
oor óns sondes is hy verbrysel;
die straf wat vir ons vrede moes bring,
was op hom,
deur sý wonde
het daar vir ons genesing gekom.

Ons het almal gedwaal soos skape,
ons het elkeen sy eie pad geloop,
maar die Here het ons almal se sonde
op hom laat afkom.
Hy is mishandel,
maar hy het geduldig gebly,
hy het nie gekla nie.

Soos 'n lam wat na die slagplek toe
gelei word
en soos 'n skaap wat stil is
as hy geskeer word,
het hy nie gekla nie.

Dit was die wil van die Here
om hom te verbrysel.
om hom die pyn te laat ly.

Ek glo in Jesus Christus, sy eniggebore
Seun, ons Here;
wat ontvang is van die Heilige Gees,
gebore is uit die maagd Maria;
wat gely het onder Pontius Pilatus,
gekruisig is,
gesterf het en begrawe is en ter helle
neergedaal het;
wat op die derde dag weer opgestaan
het uit die dode;
wat opgevaar het na die hemel
en sit aan die regterhand van God, die
almagtige Vader,
van waar Hy sal kom om te oordeel
dié wat nog lewe en dié wat reeds
gesterf het.